Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Devigi Pillay**
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2454

Lêerno.: 3/3/2/4/6
Verwysing: 20231205-438

Omsendbrief: 0001/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Lynbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *Riglyne oor die tydige indiening van uittreedokumente, vertragings in die geval van laat indiening van dokumente, en die vorms wat met uittrede deur die staatsdienspensioenfonds vir staatstamptenare (*Government Employees Pension Fund (GEPF)) *vereis word.*

**Onderwerp: Nakoming van voorgeskrewe kennistydperke vir uittrede uit diens, gevolge van laat indiening van uittreedokumente en die vorms wat die GEPF met uittrede benodig**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wil graag die voorgeskrewe kennistydperke vir die verskillende tipes uittrede onder u aandag bring:

1.1 **Verpligte aftrede (opvoeders en staatsdienspersoneel)**
Hierdie tipe uittrede (65-jariges) word deur die werkgewer geïdentifiseer en 'n werknemer behoort drie tot ses maande voor uittrede hiervan in kennis gestel te word.

1.2 **Vrywillige aftrede (opvoeders en staatsdienspersoneel)**
Hierdie tipe uittrede word deur 'n werknemer wat tussen 60 en 64 jaar oud is, geïnisieer. Die werknemer moet minstens 90 dae (drie maande) voor aftrede kennis gee van die voorneme om af te tree.

1.3 **Vroeë aftrede met verminderde pensioenvoordele (opvoeders en staatsdienspersoneel)**
Hierdie tipe uittrede word deur werknemers geïnisieer. Dit is van toepassing op opvoeders wat tussen 50 en 59 jaar oud is en 10 of meer jare pensioengewende diens het. In die geval van staatsdiensamptenare, moet werknemers tussen 55 en 59 jaar oud wees. Werknemers moet minstens 90 dae (drie maande) voor aftrede kennis gee van hul voorneme om af te tree.

1.4 **Bedanking (opvoeders wat permanent in diens is)**
Hierdie tipe uittrede word op enige ouderdom, behalwe die ouderdom van 65 jaar, deur ’n werknemer geïnisieer deur minstens 90 dae (drie maande) voor bedanking kennis te gee van die voorneme om te bedank.

1.5 **Bedanking (staatsdienspersoneel wat permanent in diens is)**
Hierdie tipe uittrede word op enige ouderdom, behalwe die ouderdom van 65 jaar, voor bedanking deur ’n werknemer geïnisieer. Let asseblief op die volgende:

1.5.1 ’n Werknemer wat vir een jaar of langer in diens is, se kennistydperk is vier weke.
1.5.2 ’n Werknemer wat vir langer as ses maande in diens is, maar minder as 12 maande, se kennistydperk is twee weke.
1.5.3 ’n Werknemer wat vir ses maande of minder in diens is, se kennistydperk is een week.

2. Alle uittredende werknemers (behalwe werknemers wat vir verpligte aftrede kwalifiseer) word aangemoedig om ’n uitdienstredingsvraelys in te vul. Toegang tot die vraelys kan deur die volgende skakel verkry word: https://forms.office.com/r/7ngM2G2pKS. Die doel van die uitdienstredingsvraelys is om vas te stel waarom werknemers die staatsdiens verlaat, en watter moontlike maatreëls die WKOD kan instel om vaardige en bekwame werknemers te behou.

3. Alle uittredende werknemers word versoek om aan die kennistydperke, soos hierbo uiteengesit, te voldoen om te verseker dat daar geen vertragings in die verwerking van inligting rakende hul uittrede is nie, aangesien die WKOD ook aan interne prosesse moet voldoen voordat die uittreedokumente by die agentskap vir die administrasie van staatsdienspensioene (*Government Pension Administration Agency (GPAA)*) ingedien word.

4. Alle uittredende werknemers moet kennis neem dat die WKOD by ontvangs van ’n volledig voltooide stel uittreedokumente hierdie uittreedokumente binne 30 dae ná die uittrede van die werknemer by die GPAA moet indien. Op sy beurt moet die GPAA verseker dat die pensioenvoordele binne 30 tot 90 dae na ontvangs van die dokumente uitbetaal word.

5. Alle vorms wat vir uittrede ingevul moet word, is onder die opskrif, “Forms” op die GEPF se webwerf, https://www.gepf.co.za, beskikbaar. Uittredende werknemers word versoek om seker te maak dat hulle die korrekte pensioenvorms invul vir die tipe uittrede wat hulle gekies het.

6. Alle uittredende werknemers moet seker maak dat hulle ’n swart balpuntpen gebruik om hul pensioenvorms in te vul en dat dit korrek ingevul word. Geen korrigeervloeistof of uitveërs mag op die vorms gebruik word nie, aangesien dit die verwerking van pensioenvorms kan vertraag en tot onnodige vertragings in die uitbetaling van pensioenvoordele lei.

7. Alle uittredende werknemers moet seker maak dat alle GEPF-pensioenvorms wat gewaarmerk moet word, deur ’n Kommisaris van Ede gestempel en onderteken is en **nie** gestempel is met ’n stempel wat dit as ’n “getroue afskrif van die oorspronklike” waarmerk nie.

8. Alle uittredende werknemers moet seker maak dat alle gewaarmerkte afskrifte van persoonlike dokumente, soos identiteitsdokumente, huweliksertifikate, egskeidingsbevele, ens., afskrifte van hoë gehalte is, aangesien die inligting daarop duidelik moet wees, en ook duidelik genoeg moet wees om geskandeer te word wanneer dit elektronies vir die GPAA opgelaai word.

9. Alle uittredende werknemers moet verseker dat alle GEPF-pensioenvorms en gewaarmerkte afskrifte van persoonlike dokumente ***nie*** ouer as ses maande is nie, sodat dit nie tot ’n vertraging in die uitbetaling van pensioenvoordele lei nie.

10. Versuim om ’n volledig en korrek voltooide stel oorspronklike uittreedokumente in te dien, kan tot ’n vertraging in die verwerking en uitbetaling van pensioenvoordele lei.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke werknemers.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-12-22